

Bylaag K Kerkordelike riglyne vir die herenigingsproses tussen die VG Kerk en NG Kerk vanuit 'n NG Kerk-perspektief

1. Belydenisgrondslag

Die eenheid van 'n kerkgemeenskap berus in die gemeenskaplike geloofsoortuiging. Die struktuur van die kerk ontstaan om en uit hierdie gemeenskaplike geloofs-oortuiging. Die Algemene Sinode 2002 is van mening dat die saak van kerkvereniging 'n prosesmatige karakter het. Daarom moet saam gesoek word na 'n belydenisgrondslag en struktuur waarbinne die deelnemende kerke hul tuis kan voel. Die sinodes van Wes- en Suid-Kaapland en Oos-Kaapland besluit in 2003 om hulle te vereenselwig met die besluit van Konvent vir Eenheid in 2001 oor die belydenisgrondslag wat soos volg lui: ". . . die drie oudkerklike ekumeniese simbole, die Drie Formuliere van Enigheid en die Belhar Belydenis as basis en riglyn vir sy gesprek oor kerkeenheid neem"; en ". . . dat die Belhar Belydenis ingesluit word in die belydenisgrondslag van 'n groter herenigende kerk **op 'n wyse wat die eenwordingsproses dien**". Die twee sinodes besluit voorts om 'n moontlike meer uitgebreide kerkorde-artikel oor die belydenisgrondslag, waarin met 5 konsentriese sirkels gewerk word **as vertrekpunt vir die gesprek** oor kerkvereniging, na die Konvent deur te stuur. Die **eerste kring** handel oor die Bybel, die basis van ons geloof en die finale toets vir alle belydenisskrifte. In die **tweede kring** is die ekumeniese geloofsbelydenisse wat ons met alle Christelike kerke deel. In die **derde kring** is die drie formuliere van eenheid wat ons verbind aan die Reformasie. Die **vierde kring** is eietydse belydenisskrifte wat die onderskeie kerke met hulle saambring op die nuwe pad van eenheid. Die **vyfde kring** is ander dokumente wat die kerke ook in 'n breër belydenisgrondslag opgeneem wil hê.

2. 2/3-Meerderheid

Op grond van die huidige kerkorde (art 36 en 37 oor die bevoegdheid van sinodes om met behoud van alle regte, voorregte, besittings, naam, ens. uit die algemene sinodale verband te tree; en art 44 oor die wysiging van die belydenisgrondslag van die NGK) en die besluit van die Algemene Sinode dat elke kerkraad inspraak behoort te hê in die totstandkoming van 'n nuwe kerkverband, wil dit lyk asof die belydenisgrondslag en inrigting van 'n nuwe kerkverband 'n 2/3-meerderheid van elkeen van die 11 sinodes sowel as die

Algemene Sinode plus die 2/3 inspraak van die kerkrade benodig. As kerkverband 'n verband van gemeentes is, moet elke gemeente sy deelwees aan 'n bepaalde verband Skriftuurlik kan oorweeg en verantwoord. Sommige regsgeleerdes is van oordeel dat die 2/3-meerderheid ook van toepassing is op die gemeentelede. Die Algemene Sinode 2002 besluit dat die vorming van een kerkverband in die NG Kerk-familie eers kan plaasvind na 'n proses van behoorlike oorleg- en raadpleging met kerkrade, wat daarop gemik is om die groots moontlike konsensus in die NG kerk te bevorder. Indien konsensus nie bereik word nie, word die inspraak van kerkrade soos volg gereël: individuele kerkrade keur die vorming met 'n 2/3-meerderheid goed; en 2/3 van alle kerkrade in die NG kerk moet hierdie 2/3 meerderheid verkry.

3. Gesamentlike kerkorde

Vir die bevordering van die herenigingsproses is die daarstelling van 'n konsep nuwe kerkorde van kardinale belang. So 'n nuwe kerkorde sal van groot waarde wees vir die konseptualisering van 'n nuwe herenigende kerkverband en die hantering van verskille in bedieningspraktyke tussen die onderskeie kerke. Sake soos lidmaatskap, eiendom, teologiese opleiding, traktament, pensioen, belydenisaflegging, werkgewer -werknemer-verhouding, ens beskik almal oor die potensiaal om groot onvrede te veroorsaak en kan nie eers met die vasstelling van die nuwe kerkorde besleg word nie. Die kerkorde is die praktiese vergestaltung van al die ooreenkomste wat bereik is. Die twee kerke sal in samewerking met hul onderskeie Algemene Sinodale Kommissies moet besluit oor 'n moontlike strategie vir die daarstelling van so 'n konsep nuwe kerkorde.

4. Rol van die gemeente

Die kerkverband is 'n verband van gemeentes. Die gemeente tree as 'n volledige kerk tot 'n bepaalde kerkverband toe omdat i) die gemeente volledige kerk is, maar nie die hele kerk is nie; ii) gemeentes vanuit dieselfde belydenis en vanuit 'n konsensus oor die hoofsake van die regering en inrigting van die kerk met mekaar kerkverband soek; iii) die eenheid van die kerk Skriftuurlik beskou 'n gegewe (feit) en 'n opdrag in Christus sy Hoof

is: juis omdat die gemeente kerk is, soek hy eenheid met ander gemeentes. So gesien is 'n bepaalde kerkverband enersyds die gevolg of strukturele neerslag van die geestelike eenheid wat daar reeds tussen die betrokke gemeentes bestaan, maar andersyds ook 'n middel om hierdie eenheid te verdiep en uit te bou. Woord en belydenis vorm die fondament vir kerkverband, ten minste as die Woord en belydenis die hartklop van die kerkverband bepaal. Daarom is die belydenis die akkoord van kerklike gemeenskap. Hieruit kom die gevolgtrekking dat die kerkraad, as besluitnemer van die gemeente, moet besluit oor toetrede van die gemeente tot 'n bepaalde kerkverband.

5. Praktiese reëlings

Sake waarvoor uitsluitel gekry sal moet word, is:

5.1 Die naam van die “nuwe herenigende kerk”: Die kerkmodel waarop uiteindelik besluit word, sal bepaal hoe groot die rol is wat die naam van die “nuwe herenigende kerk” gaan speel. Begin die nuwe kerk by samewerkingsooreenkomste en mik dit na 'n federasie van kerke is die naam nie so belangrik nie. Indien dit 'n eenheidskerk is, is die besluit oor die verandering van die naam hier ter sprake.

5.2 Kerkeiendomme: Die siening dat die gemeente volledig kerk is, maak dat gemeentes 'n regspersoon is en is dus eienaar van hul eiendom. Ringe, sinodes en die Algemene Sinode kan ook hul eie eiendom besit wat op die betrokke regspersoon se naam getranspoteer is. Die verandering van die naam het dus implikasies dat 'n nuwe transportakte uitgereik moet word en dat die eienaarskap in dispuut kan kom.

Transportering: In die verlede het die regering die kerk tegemoet gekom deur die hertransportasie by wyse van privaatwetgewing af te handel. Die huidige regering het reeds by die ontstaan van die VGK laat blyk dat hy nie sy weg daartoe oopsien nie. Om nuwe transportaktes te bekom, kan die kerk 'n fortuin kos. In die VGK waar gemeentes, ringe, streeksinodes en die Algemene Sinode ook elkeen 'n regspersoon is, is met 'n nuwe kerkorde-artikel bepaal dat die nuwe regspersoon sy eweknie van die ou bedeling in die NGSK en NGKA vervang. Die kaart en transport is dus nog op die naam van die kerk in die vorige bedeling. **Eiendomsreg:** Omdat die NG Kerk nie 'n ontbindingsklousule in sy kerkorde het nie, kan die lidmaat/lidmate

wat nie tot die naamsverandering instem nie, aanspraak maak op die eiendomme en verantwoordelikhede van die bestaande kerk. Dit loop onvermydelik op hofsake uit soos gebeur het na die totstandkoming van die VGK.

5.3 Taalkwessie: Die voertaal van die “nuwe herenigende kerk” kan 'n hoogs emosionele saak word.

5.4 Vergaderstyl en vergaderings-prosedure

5.5 Pensioen

5.6 Pariteit in salarispakket

6. Werkswyse:

Die herenigingsproses tussen die NG Familie is van kardinale belang as ons gehoorsaam wil wees aan die wil en wens van die Here Jesus Christus dat sy kerk een sal wees en omdat ons diensbaar wil wees aan die koms van sy koninkryk in Suider-Afrika en ons hele kontinent. Terselfdertyd weet ons ook dat die herenigingsproses 'n uiters komplekse proses is wat met groot wysheid, biddend en met diepe afhanklikheid van die Here hanteer moet word. In die lig hiervan moet die moontlikheid van 'n gesamentlike taakgroep wat uit verteenwoordigers van die onderskeie sinodes en uit kundiges op die gebied van transformasie en fasilitering ondersoek word. Verkieslik moet dit nie lede van die onderskeie moderature wees nie sodat die taakgroep as bemiddelaar/onderhandelaar/ fasiliteerder tussen die onderskeie moderature kan optree. Hierdie taakgroep moet ook strategieë ontwikkel wat die herenigingsproses kan stimuleer en bevorder binne die bepaalde kerkregtelike riglyne.